Karen Blixen-siklus

1

Omdat ek hier op hierdie kontinent
wat ruik na bloed en vra vir geweld
geen Fuglsang my eie nog kan noem
soek ek tussen die blaaie van 'n boek
na 'n voetstoel vir my moeë voet
na 'n antwoord vir my vele raaisels
na 'n Denys Finch-Hatton om mee saam te reis
na 'n vreemde(r) hinterland

2

Gielgud te Kronborg

You are my Horatio
John Gielgud aan Karen Blixen

Ole Wivel het my die aand
so beskryf:
a dark-eyed lady in a hat
whose lips could form every speech
in Hamlet
as perfectly as the prompter in his box
Min het hy die aand
kon weet
ek was Hamlet
Kronborg nes Rungsted
uit my het die waansin
van verrinneweerde drome gevloei
nes Hamlet kon ek eens voor Bror kniel
my lippe teen sy buik
en fluister
"Do you mean country matters?"
min wetend
hoe ek jare nog sou ly

met die fantoom van sy verneuk
in my lyf
al genade
om nes Hamlet
my siel te verpand aan die duisternis
in ruil vir woorde, woorde, nogmaals woorde

3

Anecdotes of Destiny

Sneeu sak toe oor die huis
terwyl ek luister
na Mozart se klarinetkonsert

In Kenia
ook
het die sneeu die punte van Kilimanjaro
die heuwels by Ngong
wit getint
terwyl ons geluister het
na Mozart se klarinetkonsert

In die oop veld
rondom die plaas
op safari
tente 'n vreemde geel
teen die tint van die veld
het ons ook geluister
na Mozart se klarinetkonsert

Nou bly die getreur van sy adagio
vir my hier oor
my liggaam uitgeteer
uitgeput tot op die been

as inspirasie vir my briewe
aan die dood